19. Ek ontdek hoe ek met die duiwel moet baklei om hom te wen

Baklei 4

Bybelgedeelte
Genesis 39:1-23; 41:43; Efesiërs 4:27; Jakobus 4:7; Efesiërs 6:10

Kerngedagte
Ek ontdek hoe ek met die duiwel moet baklei om hom te wen.

Kernvers
Jakobus 4:7 '... Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.'
'

Terugvoering van verlede keer

Met jou ouers/ voogde: Wat het jou ouers/ voogde gesê toe jy hulle vertel het hoekom, wat en hoe die duiwel met kinders van God baklei?

Ander aktiwiteit: Gebruik jy jou masker met die kwaai en die vriendelike gesig? Help dit jou om beter te verstaan dat die duiwel jou op twee maniere aanval?

Bybelboeke: Kom ons kyk of almal die boeke van die Bybel tot by 3 Johannes ken.

Aktiwiteite

1. Noem net een ding wat vir jou interessant met vandag se boodskap was.

2. Kyk in Jakobus 4:7 wat 'n kind van God moet doen om die duiwel te wen. Skryf die woorde van die vers hieronder klaar neer.

'Staan die duiwel t_ë
en hy sal van julle af w_____g.'

3. Kan jy onthou wat die drie dinge is wat Josef vir 'n kind van God leer om die duiwel te wen? En wat is die vierde ding wat 'n kind van God moet onthou as hy die duiwel wil wen? Skryf dit hieronder neer.

1.	
2.	
3.	
4.	

4. Kyk in Efesiërs 6:10 sonder Wie 'n kind van God die duiwel nie kan wen nie. Skryf die woorde van die vers hieronder klaar neer.

'Soek julle k___g in die H___e
en in sy g____t m_g.'

5. Dink terug aan wat jy vandag oor Josef gehoor het en lees ook Genesis 39:6-23 weer in die groep deur. Besluit dan as groep of die volgende antwoorde waar of onwaar is. Trek net 'n sirkel om die W as dit waar is of 'n sirkel om die O as dit onwaar is. Gee dan vir mekaar die regte antwoord as dit onwaar is.

1.	Josef se broers was jaloers op hom.	W	O
2.	Josef se broers het hom toe doodgemaak.	W	O
3.	Josef het in Egipte in die Potifar se huis gaan bly.	W	O
4.	Josef en Potifar se vrou het in die bed seks gehad.	W	O
5.	Josef het geweet dis verkeerd.	W	O
6.	Josef het die eerste keer 'Ja' vir haar gesê.	W	O
7.	Josef het elke keer vir haar 'Nee' gesê.	W	O
8.	Potifar se vrou het vir haar man gesê Josef het met haar seks gehad.	W	O
9.	Potifar het sy vrou nie geglo nie.	W	O
10.	Josef het die duiwel, wat deur Potifar se vrou gewerk het, gewen omdat hy aangehou het om vir haar 'Nee' te sê.	W	O

6. Noem een ding in jongmense se lewe waar die duiwel graag vir hulle aanval?

Tuisaktiwiteite

Met jou ouers/ voogde: Vertel vir jou ouers/ voogde hoe Josef vir jou geleer het om die duiwel te wen.

Ander aktiwiteit: Dink aan 'n ding wat die duiwel regkry om vir jou te laat doen. Kyk weer na die drie dinge wat jy moet doen om die duiwel te wen. Doen dan hierdie drie dinge as die duiwel weer vir jou aanval om hierdie ding te doen. Maar onthou om ook vir die Here te vra om jou daarmee te help.

Bybelboeke: Leer die volgende boeke van die Bybel, saam met dié wat jy reeds geleer het, vir volgende keer: Judas en Openbaring.

Onthou: Bring jou Bybel en skryfding volgende keer saam.